

Dit is tyd om te trek

{ n Perspektief op die huidige toestand binne die Ou Apostoliese Kerk (OAK) veral in die lig van die strekking van die boodskap deur die Apostel Paulus aan die Korinthiers, soos in 2 Kor 4 vervat. Hierdie stuk is opgestel onmiddellik nadat dit rugbaar geword het dat 2 Kor 4 die bron vir die jongste lering (produk van die Oktober 2011 Konferensie van die Apostels) sou wees. Vir die een of ander duistere rede is die teks/lering na verneem word deur die betrokke (OAK) owerhede gestuit voordat dit die gemeentes bereik het. Wat ookal die rede is vir die voortydige gepluk van die lering, is dit gewis dat die FORUM se reaksie (boodskap) daarop nog steeds relevant bly, ongeag watter nuwe teks/lering as plaasvervanger gepraakseer sal word }

- W Johanneson

Dit is tyd om te trek. Tyd vir lede van die Ou Apostoliese Kerk om ernstig te oorweeg om te trek. Nie n trek uit of weg van die Kerk nie, maar n kopskuif. n Trek in die kop. n Terugkeer na n milieu waar die apostelleer ook weer tot sy reg kan kom soos deur die Woord weergee.

En net voordat die skrywer dalk van dagdromery beskuldig mag word of dat hy dinge uit sy duim suig, is dit belangrik om te meld dat dit juis die al harder wordende gebrom en geweeklaag is onder lede oor n wye spektrum (selfs ampte op voetsoolvlak) oor wat hulle as verval in die Kerk ervaar wat hierdie onderwerp meedoënloos aan die openbare mening opdwing. Hierdie negatiewe tendens word versterk deur die afwesigheid van enige forum of struktuur binne die OAK waar standpunte/vraagstukke sinvol deur lidmate of gemeentes geopper en bespreek kan word. Trouens, die huidige grondwet van die OAK (asook leierskapstyl) is anti-demokrasie en duidelik op pad na die rommelhoop/asblik van die geskiedenis.

Toe Abraham hom destyds tot sy God gewend het ter wille van n beter bedeling, moes hy verneem dat hy sal moet trek na n ander plek indien hy geseen wou word. Die betrokke geskrapte lering in die OAK na aanleiding van 2 Kor 4 vind onmiskenbaar neerslag in hierdie Ou Testamentiese kopskuif. Om uitvoering aan die teks te gee, sal ampte en lede van die OAK ongetwyfeld ook moet trek vanwaar hulle hul tans bevind. Nie net is die huidige opset nie volhoubaar sover dit die administrasie van die Kerk betref nie, maar is ook progressief besig om die geestelike roeping sodanig te impakteer dat die OAK kort voor lank onteenseglik voor dieselfde uitdaging as Vader Abraham te staan sal kom.

Wat het verander?

Woorde wek maar voorbeelde trek, lui die gesegde. Gemeet aan hierdie onomstootlike tydbeproefde wysheid is dit nie so vergesog om te konstateer dat lede van die OAK en hulle leiers beslis rede tot kommer oor die toekoms van die Kerk behoort te he. Enersyds, vra stoere lede alhoemeer wat van die Kerk geword het wat hulle eens geken het en nog steeds van getuig. Andersyds, raak alhoemeer van hulle derhalwe afvallig en verlaat selfs die Kerk in beduidende getalle, veral die kinders van senior kerkleiers. Wat het verander? Wat moet gedoen word om weer inhoud te gee aan die getuienis wat die Kerk deesdae aan die sogenaamde wereld voorhou?

Hierdie dokument het nie ten doel om al die antwoorde te verskaf nie, maar eerder soveel moontlik van die vrae te opper wat nodig is om struktuur en substansie te help gee aan die gesprek wat hieroor moet plaasvind. Alhoewel oenskynlik al holrug gery teen hierdie tyd, bly dit steeds noodsaaklik dat die relevante vraagstukke hier herhaal word ten einde n sinvolle gesprek te verseker.

Die problematiek van die OAK le opgesluit in n gebrek aan die nodige stelsels, strukture, prosesse en programme sover dit deursigtige en verantwoordbare bestuur en administrasie aanbetref. Die huidige bestel van sentraalbeheerde diktatoriale bestuur is uitgediend, nie volhoubaar en duidelik nie in die beste belang van die OAK nie. Selfs al word nog n bykomende miljoen ampte verorden om as waghonde op te tree, sal dit nie werk nie. Vanselfsprekend le die antwoord in deelnemende bestuur, met insette deur lede/gemeentes by wyse van inspraak en aktiewe deelname op alle bestuursvlakke. Daar is n behoefte vir nuwe idees, asook n leierskapstyl. Die ondemokratiese bestel van die OAK het geen hoop om as n afgesonderde eiland in n oseaan van demokrasie voort te bestaan nie. Ter wille van oorlewing, voorspoed en ontwikkeling, het lede van die OAK dus geen ander keuse as om te trek nie. Die alternatief is natuurlik: die OAK kan bly soos dit tans daaruit sien, maar moet dan nie verwag om ernstig opgeneem te word wanneer sy leiers verklaar dat dit die enigste weg tot saligheid vir die mensdom is nie. Op die keper beskou, begin die lig wat tans aan die einde van die tunnel vir die OAK flikker alhoemeer na die kopligh van n moontlike aanstormende weghol lokomotief lyk.

Hoe lyk die plek waar die OAK tans gesetel is?

Bestuur

Die begrip kerk veronderstel n predikant en die gemeente; en derhalwe n gesonde wisselwerking tussen hulle. Alles dui daarop dat die toekoms vir die administrasie van die OAK nie in groter hoofkantoorkomponente gelee is nie, maar eerder die progressiewe afwenteling van beheer na die gemeentes. Minder heersers bo en n platter struktuur wat aan lede die gevoel van werklike eienaarskap van hulle Kerk sal gee. Ook die vestiging van die nodige wigte en teenwigte in die stelsel om deursigtige en verantwoordbare administrasie te verseker. Die huidige stelsel laat te veel ruimte vir negatiewe en diaboliese tendense en praktyke soos nepotisme, finansiële wanbestuur en ander praktyke met n bedenklike misdadige strekking. Die instandhouding van die huidige bestel is te duur en daarom nie volhoubaar nie. Boonop word dit ook nie deur die beste kundiges in die wereld bedryf nie. Verder dra n klaarblyklike konserwatiewe sosio-politieke lewensfilosofie in huidige OAK-bestuurskringe in n land soos Suid-Afrika ook kennelik by tot hierdie toedrag van sake. n Nuwe grondwet wat die uitslag van n wydlopende en deurtastende proses moet wees, word benodig om die grondslag vir volgehoue groei en ontwikkeling in die OAK te verseker.

Die situasie word verder beduiwel deur n volslae amptelike verbod op sinvolle gesprek en deelname aan die bestuursproses(se) deur lede/gemeentes en junior ampte. Daar is geen dialoog. Gemeentes het geen beheer oor eie sake. Hoofkantoor/apostolaat het alleen seggenskap. Meningsverskil en teenspraak word nie geduld nie. Streng dissiplinere optrede wat dikwels op arbitrere afsetting uitloop, is die voorland vir ampte wat dit sou waag om weerstand te bied. Die reg tot appel, konsiliasie en arbitrasie - eienskappe wat Jesus Christus beklemtoon het - bestaan nie. In hierdie opsig is die OAK nie net uit pas met die grondwetlike bestel wat deur die nasionale regering van die land beoefen word nie, maar ook alle ander groot kerke in die land.

Die groot uitdaging vir topbestuur/apostolaat oor die korttermyn is om n beter balans te vind in die verhouding van die konsentrasie van “geld en goed” en “gees en bloed” op hoofkantoor. Huidiglik is die “geestelikes” gans te veel betrokke by geld en die “magspolitiek” wat daarmee gepaard gaan. Hulle hande is dus nie skoon nie. Dit was nog deur die eeue heen die enkele groot onoorkomelike probleem vir die geestelike leiers en waarom sal dit nie nou ook wees nie? Die rooi ligte flikker reeds. Indien die situasie nie drasties omgekeer word nie, sal die OAK kort voor lank met die klassieke “Elia en die Baal-profete” scenario gekonfronteer word.

Die toekoms dui onteenseglik op n bedeling waar gemeentes van die OAK volle seggenskap oor “eie sake” sal he. n Bedeling wat voorsiening sal maak vir gereelde verkose kerk/gemeente rade, asook strukture wat inspraak sal bied aan gemeentes sover dit “algemene sake” (hoofkantoor) betref. Kapitale en ander uitgawe (besoldiging, ens) sal dus onderhewig wees aan insette deur gemeentes en nie soos die huidige stelsel waarvolgens die spreekwoordelike wolf ook skaapwagter is nie.

Sosiaal

Rassisme is steeds n probleem in die OAK. Dit is n onvergeeflike sonde, want daar word teen die beeld van God gediskrimineer. Alhoewel die fisiese skeidsmuur van apartheid binne die Kerk verdwyn het, pols rassisme nog in die harte van baie ampte en lidmate en bruis dit onverpoosd deur die bloedvate van die OAK. Solank as wat leiers (en sommige lede) dit ontken sal die Kerk aan die verkeerde kant van die geskiedenis, asook die skepping van God, bly. In hierdie opsig sit die OAK met bagasie wat reeds deur alle ander groot kerke in die land afgeskud is. Selfs die voormalige voogde van apartheid, die NG Kerke-familie, het onlangs die Belhar-belydenis as deel van hul wese aanvaar. Hoe werk die koppe van die leiers van die OAK? Waarheen is hulle in hierdie opsig op pad met die Kerk? Selfs Jesus Christus en sy Hemelse Vader vind apartheid en rassisme verwerplik en sondig. Vir solank as wat die leierskap (apostolaat) van die OAK versuim/weier om verskoning te maak by wyse van n amptelike openbare verklaring vir die OAK (vorige “wit” apostels) se aandeel in die instandhouding en nougesette toepassing van apartheid binne die Kerk gedurende die bewind van die Nasionale Party, sal die kerkgeskiedenis dit altyd so reflekteer. Die Apostolaat het n morele verpligting om hierdie noodsaaklike regstelling in die geskiedenis van die OAK te eerbiedig. Indien nie, sal n toekomstige geslag dit moet doen ten koste van die nalatenskap van die huidige geslag van apostels. Dit is geen geheim dat werklike mag/gesag in die OAK nog steeds onwrikbaar in “konserwatiewe wit” hande is en dat nie-blankes eintlik maar net seremoniele posisies beklee. Hoe seer en bitter dit ookal mag wees, Waarheid en Versoening is die enigste uitweg vir die OAK. Wit, Bruin en Swart (of anders om) sal mekaar in die oë moet kyk, verskoning vra, hand uitsteek, versoen en plegtig gelofte voor God afle dat hulle nie die foute van die voorgeslagte sal herhaal nie. Ontkenning van hierdie noodsaaklikheid sal die OAK toenemend verder van die waarheid wegstoot en dus sonder n morele basis laat om sy plek as n gerespekteerde lid van die globale kerkgemeenskap in die samelewing te beklee.

Die statutere veelrassige maandelikse finansiesvergaderings deur senior ampte is nie genoeg nie, want daar word slegs oorhoofs oor geld, grond en geboue gepraat. Selfs hulle het nog nooit indringend oor rassisme en versoening in die Kerk gepraat nie. Senior ampte alleen is nie die OAK nie, of is dit? Dit is noodsaaklik dat gemeentes doelbewus en doelgerig oor die kleurgrense ontmoet om oor die sosiale opset in hulle Kerk te gesels. Dit is belangrik vir die toekoms van die OAK dat die kinders wat steeds in die bestaande “apartheid(agtige)” kompartemente binne die Kerk vasgevang is

ook so gou moontlik toegelaat moet word om by mekaar uit te kom, anders sal hulle mekaar later in minder gunstige omstandighede in die loopgrawe van rasse spanning binne die Kerk ontmoet. In die jaar 2011 opereer die OAK steeds in drie duidelik rasverdeelde kompartemente, asof dit hoogmode in ons bree samelewing is. Die verhuising van enkele nie-blanke gesinne na voorheen tradisioneel “wit” gemeentes sedert die val van apartheid in 1990, verander nie die situasie nie. Die verskillende bevolkingsgroepe word steeds doelbewus uitmekaar gehou. Dit is n onding (sonde) en geen verskoning hiervoor sal deug nie. Daar is ook kultuurklowinge wat oorbrug moet word. So, byvoorbeeld, kort die Wes-Kaap n “swart” apostel om die kultuurlandskap van hierdie besondere streek te help normaliseer. Op die oog af is die OAK dus besig om n gruwelike groot leuen te bedryf solank as wat daar nie openlike erkenning van die teenwoordigheid van hierdie “olifant in die vertrek” is nie. Die oplossing is baie eenvoudig; begin net deur sinvol met mekaar (ampte en lidmate, gemeentes en gemeentes, hoofkantoor en gemeentes) om te gaan en oor die “issues” (vraagstukke) te praat.

Daarom is dit gebiedend noodsaaklik dat die leierskap voortdurend herinner moet word aan die tydlose profetiese teregwyding: “wie wind saai, sal storm maai”. Die OAK sal moet praat oor sy (apartheid) verlede. Ons sal ons moet uit praat (dialoog) uit ons afgryslieke verlede uit en sommerso die toekoms in. Dit is wat alle eerbare en opregte leiers (veral kerk) sal en wil doen. Daar is geen ontsnaproete of kortpaaie nie. As ons dit nie doen nie, sal ons onafwendbaar afstuur op n afspraak met rasgedrewe konflik binne die Kerk in die afsienbare toekoms. Die oenskynlike vrede en gemoedelikheid in hierdie verband wat tans in die Kerk heers is dus verraderlik en lyk meer na die spreekwoordelike kalmte voor die storm. Substantiewe transformasie/hervorming binne die OAK is n onstuitbare proses wat hom gaan manifesteer met of sonder die medewerking van die huidige leierskap.

Ontwikkeling

Kerkbestuur op gemeentelike vlak, doeltreffende pastorale sorg, naastediens, elementere bybel geletterheid is sommige van die sleutelgebiede waar lede (en ampte) van die OAK oor die algemeen hopeloos aan die nodige vaardighede blyk kort te skiet. Die afwesigheid van enige noemenswaardige opleiding vir ampte in die Kerk vererger hierdie toedrag van sake en veroorsaak dat die Kerk aan die agterspeen suig sover dit ontwikkeling betref. Hierdie ongeslypte diamante (OAK ampte) trap maar net te dikwels lelike stelle/landmyne af in hul daaglikse omgang met lede en die bree publiek. Vir n kerk soos die OAK met n ambisieuse en dinamiese roeping luidens sy dogma, behoort die teenoorgestelde van wat hierbo aan hom toegedig word van krag te wees. Helaas nie, die status quo dui egter op n toenemende negatiewe tendens ten opsigte van meeste van die gemeentes landwyd. En wat die situasie nog meer mistroostig maak is die feit dat daar nerens tydens gesprekke met ampte op alle vlakke tekens te bespeur is dat dit by hulle n saak van erns is, om nie eens te praat van n bewustheid nie. Hoofkantoor kan nie altyd alles wil doen nie. Gemeentes behoort die nodige ruimte en gesag te he om eiesoortige oplossings vir eiesoortige vraagstukke te vind.

Ander terreine soos die Sondagskool, jeug, vrouebewegings, bejaardesorg en kultuur (sang en ander kunsvorme) word ook gekniehalter deur die heersende en algehele gebrek aan n holistiese en gestruktureerde benadering tot groei en ontwikkeling in die Kerk. Trouens, stagnasie en agteruitgang is aan die orde van die dag en niemand lyk bekommerd daarvoor nie. n Outokratiese

bestuurstyl wat grens aan despotisme het oor dekades daarin geslaag om n kerkgemeenskap te skep wat jammerlik mank gaan aan die vermoë en selfvertroue om sinvol uit te reik en met ander kerke en die breet gemeenskap te skakel, asook by gemeenskapsprojekte betrokke te raak. Lede van die OAK is dikwels van die grootste verbruikers van openbare dienste (daghospitale, klinieke, welsynskantore, ens) dog hul Kerk weier doelbewus om sy deel as korporatiewe burger (sosiale gewete) by te dra. Hierdie karaktertrek van die OAK is ook voortdurend n bron van groot verleentheid vir sy lede wat openbare beroepslui is, sowel as diegene wat leiersposisies in openbare instansies beklee. Maar die geld van die sekulere wereld is altyd meer as welkom in die OAK, die kroniese voorliefde vir en kompulsiewe aanhang waarvan in sekere kringe sterk in die rigting van afgodery neig. Die oenskynlike beheptheid met geld en dergelike materiele dinge onder die “geestelikes” (senior ampte) is onrusbarend en laat onwillekeurig vrae oor hul bona fides ontstaan.

Maatskaplik

Te oordeel aan die bedenklike sosio-ekonomiese lot van die minder gegoede massas in die Kerk, is dit duidelik dat begrippe soos empatie en naastediens hier geen sinvolle inhoud het nie en dat die “bergpredikasies” (konferensie tekste/lerings) en ander kerkaksies nie net mooi en fatsoenlike gebare is nie, maar eintlik n verkwisting van kosbare energie en tyd is. Ook geen wonder nie, want solank as wat alles slegs van bo afkomstig moet wees en die gemeentes se hande agter hul rue gebonde is, wat anders kan n mens verwag? En dit terwyl die land en sy mense (OAK inklusief) alhoemeer in die rigting van selfhelp en deelnemende bestuur beweeg. “Die Here help slegs diegene wat hulle self help”, lui die gesegde. Ons word ook herinner aan die bybelse vermaning dat “vir dit wat julle aan die geringste gedoen het, het julle ook aan My gedoen”. Opheffing gaan oor beide liggaam en siel. As die liggaam van die mens die tempel van God is, dan is dit vanselfsprekend dat n gesonde siel/gees slegs in n gesonde liggaam kan bly. Dit is waarom Jesus die mense (hulpbehoewendes) waarmee Hy in aanraking gekom het nooit siek en honger agter gelaat het nie. Deur hulle fisies ook te versorg, het Hy hulle instaat gestel om hulself diensbaar te maak vir Sy werk. Daarom is dit n futiele oefening deur ampte van die Kerk om die liggaam van die mens te ignoreer en net op die siel te konsentreer. Die antwoord is: empatie (omgee, naasteliefde en dit wat aan die “geringste” gedoen word).

En solank as wat die OAK doelbewus, vir redes slegs bekend aan sy topbestuur, afsydig staan teenoor betrokkenheid by gemeenskaps/barmhartigheidsdienste binnenshuis sowel as in die breet samelewing, is die vraag: wat doen die OAK vir die “geringste”, diegene waarmee God Hom so intiem vereenselwig? Die klaarblyklike antwoord is: net mooi niks. En waar daar wel tekens van halfhartige pogings in die verband binne die Kerk te bespeur is, is die slotsom: dis nie naastenby genoeg nie. Derhalwe, is die algemene persepsie dat die OAK koud staan teenoor sinvolle naastediens dus geregverdig. Christus en sy Hemelse Vader skaar hulle aan die kant van die “geringste”, en daar is honderdduisende sulkes in die OAK. En as God se maatstaf vir n siel se reg op toegang tot die ewige lewe onder meer sy ingesteldheid ten opsigte van die “geringste” is, dan het die OAK die pad byster geraak. En dit is wanneer die teregwyysing in Matt 7:22-23 onverbiddelik ter sprake kom. Dit is dus ondenkbaar dat die Here Hom in so n dorre landstreek (OAK na 1972) kan verheerlik.

Pastorale dimensie

Ernstige gesprekke (ook broodbreekessies) onder middeljarige en bejaarde lede lei dikwels onwillekeurig na indringende soeke deur hulle na die Kerk wat hulle nie solank gelede nog geken het en waarvan hul ervaringe nog steeds die basis vorm van hul hedendaagse getuienis oor die Kerk. In die Kerk wat hom eens tradisioneel onderskei het as 'n lewende getuienis vir die boodskap van Christus. In die Kerk waar lede vertroosting gevind het in die kragtige werking van die Heilige Gees. Etlike bekommerde lede hunker nostalgies na daardie dae en word tot droefheid gestem deur wat hulle vandag as slegs 'n skaduwee van 'n eens magtige en lewenskragtige Kerk (OAK) ervaar. Die praktiese eietydse manifestering van die kragte van die Profeet en die Ouderling word gemis. Die huidige tendens dui toenemend daarop dat die OAK sy kapasiteit vir geloofsgenesing, veral na 1972, verloor het. Dit lyk alhoemeer na 'n geval van meer blaf as byt. Kwelvrae oor die huidige formaat van die bediening van die ontslape siel tussen die oomblik van sterfte en die uur van begrafnis, bly steeds onbeantwoord en derhalwe 'n groot bron van onuitgesproke (vreesbevange en onderdrukte) vertwyfeling oor hierdie aspek van die OAK van vandag. So ook is die hedendaagse wederdoop met die inname van nuwe lede, veral na 1972, 'n paradigma skuif wat nog nooit in die openbaar belig is nie. Daar het onmiskenbaar fundamentele veranderinge in die dogma van die OAK ingetree na 1972, veranderinge wat onder deur die spreekwoordelike radar van die lede ingesluip het. Veranderinge wat die oorgrote meerderheid van ampte (apostels inklusief) en lidmate nie in eenvoudige taal sinvol en oortuigend kan verwoord nie. Intendeel, verandering is nie ongewoon nie maar daar rus 'n etiese en morele verpligting op leiers om die rasionaal en die essensie daarvan behoorlik tuis te bring by die getroue voetsoldate wat steeds niksvermoedend elke Maandag en Donderdagaand aan deure gaan klop om 'n eeu oue onveranderlike boodskap aan 'n sogenaamde verloorgaande wereld te bring. In baie opsigte is dit nie meer dieselfde Kerk (soos voor 1972) nie en niemand buite die dampkring van die boonste kader van ampte in die kerk word blykbaar toegelaat om hieroor te praat nie. Dit is 'n oordeelsfout aan leierskant wat die Kerk nog duur te staan gaan kom. Ons sal moet praat. Hierdie dinge is praatgoed. Dit is die dinge wat 'n kerk maak of breek. Die OAK is nie onaantasbaar of onverganklik nie, soos reeds bewys sedert sy ontstaan.

Die oenskynlike onverskilligheid aan die kant van kerkleiers teenoor die ooglopende afvalligheid onder en verlatenheid van die Kerk deur lidmate, is nie net kommerwekkend nie maar ook tekenend van 'n stelsel wat besig is om te misluk. Daarbenewens is daar geen noemenswaardige inname van nuwe lede wat hierdie tendens kan neutraliseer nie. Dit is opvallend hoeveel kinders uit die huise van senior kerkleiers deesdae alhoemeer hul rug op die OAK draai. En tog is daar geen daadwerklike pogings te bespeur van leierskant af om hierdie tendens om te keer nie. En hulle kan ook nie, totdat die OAK besluit het om te trek na die plek waarna in Openbaring 2:5 verwys word.

Pastorale sorg word verder verydel deur die gebrek aan enige vorm van sinvolle opleiding aan lede wat tot die bediening toetree. Dit is hartverskeurend om dikwels uit gesprekke met ampte uit veral die minder gegoede gebiede op te merk dat die betrokke persone byna geen benul het van die "a-b-c" van pastorale sorg, of selfs gesonde interpersoonlike verhoudings, nie. Die ervarings en vertellings deur lede wat aan die optredes van baie van hierdie soort ampte blootgestel is, klink dikwels na die tipe materiaal waarvan riller fliks of verhoogstukke gemaak kan word. Dit is onverskoonbaar en strek die topbestuur van die Kerk beslis nie tot eer nie. Dit is ook nie regverdig om die betrokke persone wat met ampte bekleed is op hierdie dwaalspoor te hou nie. Kan ons dan nog verbaas wees oor hoekom die Evangelis deesdae so swak op die getuienisveld vaar en lede

toenemend afvallig raak of die Kerk verlaat? Hoe verklaar senior leiers die OAK se onvermoe deesdae om beduidende getalle nuwe lede na die Kerk te trek, soos gedurende die tydperk voor 1972? Wat het verander? Of liever, wat het skeef geloop? Ons sal moet trek.

Ampte is volgens 2 Kor 4 veronderstel om dienaars te wees en nie die heersers of base soos weerspieel deur n sindroom wat deesdae oor n wye spektrum in die OAK aangetref word. Die diensmotief word te maklik ondermyn deur die dwelm effek van die luukshede en magshefboom wat deur die gemaksones van rang en status gebied word. Jesus het Hom baie duidelik hieroor uitgelaat nadat Hy die dissipels voete gewas het. Die vuurproef vir die utiliteit van die goeie herder is nie die nege-en-neentig wat gemaklik in die kraal is nie, maar eerder sy werkprestasie ten opsigte van die “moeilike” honderdste skaap wat nog nie tuis is nie. En dit is presies hier waar die Kerk met n laakbare hoe druipeyfer onder sy ampte gekonfronteer word.

Hervorming

Die administrasie van die OAK, die mensgemaakte struktuur waarbinne die lede hul sielsaligheid moet verwesenlik, moet hervorm word ten einde doeltreffend aan hierdie bybelse opdrag uitvoering te gee. Die huidige bestel is nie volhoubaar nie en dien daarom nie die beste belange van die Kerk nie. Dit druis in teen aanvaarde norms van menswees, en derhalwe ook teen wat in die evangelie van Christus vervat is. Weiering om te verander, plaas die leierskap van die Kerk dus aan die verkeerde kant van gesonde verstand en loop hulle die gevaar om onverhoeds betrap te word deur n buitengewone sameloop van verwickelinge waarteen hulle nie bestand sal wees nie. n Wesenlike gebrek aan insig en visie in hierdie verband in leierskapkringe binne die OAK skreeu ten hemele. Weereens is die Bybel baie duidelik oor die lot van diegene wat “in die pad van die kinders staan”. Met ander woorde, solank as wat huidige toestande heers, bly die vooruitsigte vir die tipe groei en ontwikkeling wat benodig word maar uiters skraal. Trouens, daar kan geen hoop wees nie. Nie op hierdie plek nie.

Trek hieruit

Ofskoon daar van die OAK verwag word om organisatories n kopskuif te maak, bly die onus om te trek immers n persoonlike saak. Dit is die individu wat in sy/haar kop sal moet trek. Die groot risiko wat die OAK in die gesig staar is dat hierdie mensgemaakte instelling deur die optrede van sy leiers dikwels gesien word as verhewe bo die Woord te wees. Kerk (Orde), net soos die Joodse Raad in Jesus en die dissipels se tyd, word dus n struikelblok vir die individu in sy/haar strewe na die verwesenliking van sielsaligheid.

Die ge-ykte “business as usual” benadering tot die administrasie van die Kerk in die jaar 2011 is die grootste bedreiging vir groei en ontwikkeling oor die kort tot medium termyn. Hierdie kortsigtige en bekrompe lewensfilosofie word ondersteun deur n burokrasie (hoofkantoor) wat aan n korps van kerkhoofde en amptenare lewenslange werkseleenthede met aanloklike byvoordele bied. n Gemaksones waar hoofde, onder andere, vreesloos en onbeskaamd hul eie salarispakkette bepaal en goedkeur in die afwesigheid van die gebruikelike onafhanklike amptelik-verkose toesighoudende struktuur/komitee/raad. Dit is nie reg nie. Dit is immoreel, krimineel en totaal onbetaamlik vir “geestelikes” om hulle in so n posisie te bevind. Daarbenewens word die Kerk se boeke en finansiële state (openbare fondse) vermoedelik uitsluitlik deur sy eie interne ouditeurs nagesien. Deursigtigheid en verantwoordbaarheid is dus die groot slagoffers, asook inspraak deur die

gemeentes (die Kerk) . `n Drastiese kopskuif is nodig om die OAK uit hierdie vrot kol te ontruim. Ons sal moet trek.

Tensy hervorming van die administrasie van die OAK plaasvind, is dit noodsaaklik dat die leierskap voortdurend daaraan herinner moet word dat hul bewind tot n uiters vernederende val gebring kan word. En as die stelsel tot dusver vir hulle gewerk het, "good luck"; maar dit is nie volhoubaar nie. Dit is nie net onrusbarend nie, maar ook weersinwekkend, dat n handjievol nie-verkose leiers toegelaat word om op ondemokratiese, arrogante, kortsigtige en onbeteuelde wyse oor multimiljoene rand se kerkgeld (openbare fondse) alleenspraak te he. Dit is dus nie vergesog om te suggereer dat die geldgod onmiskenbaar in die OAK oorheers, n tendens wat daarop dui dat die bestuur besig is om ook die (geestelike) spoor byster te raak. Solank as wat gemeente betrokkeheid ontbreek, moet die administrasie van die OAK dus as n ongenaakbare sake-onderneming beskou word. Daar is baie goeie redes waarom die "geestelikes" ligjare ver van kasregisters gehou behoort te word. Dit wil voorkom asof dit n soortgelyke situasie was wat Jesus destyds genoop het om met die sweep op die handelaars (???) in die tempel los te trek. Die OAK word vir skerp kritiek in hierdie verband uitgesonder bloot omdat sy leiers onomwonde verklaar dat die OAK die enigste weg tot sielsaligheid vir die ganse mensdom is.

En as daar behoefte is vir n eietydse geestelike verwysingsraamwerk wat meer prakties en relevant as die bybelse een is, trek dan ten minste terug na n era soos voor 1972 in die OAK toe die Woord nog God was. n Era waartydens die kragtige werking van die Heilige Gees verantwoordelik was vir wonderwerke wat soortgelyke bybelse insidente ge-ewenaar het. Wonderwerke wat dikwels geskied het deur die liggame van ampte wat in die meeste gevalle baie swak of selfs ongeletterd was. En dit alles in ons sogenaamde moderne tyd wat deur verbysterende prestasies in die mediese wetenskap gekenmerk word. Wonderwerke wat die geloof van lede laat gedy en verdiep het. Wonderwerke wat ook tot groot hoogte verantwoordelik was vir die dinamiese groei wat die OAK gedurende daardie jare beleef het sover dit die inname van nuwe lede betref het.

Waarom nog twyfel?

Feitelik gesproke en veral vanuit n kerklike oogpunt gesien, het die Apostel Paulus die Korinthiers as n halsstarrige en hedonistiese groep mense ervaar. n Toestand wat nie naastenby vergelykbaar is met die situasie binne die OAK van 2011 nie, of is dit? En, indien die apostolaat vandag heilig daarvan oortuig is dat die twee situasies (meer as 2000 jaar uitmekaar) wel gelyk aan mekaar is en dat 2 Kor 4 derhalwe die antwoord daarvoor is dan verkeer die OAK onteenseglik in n uiters benarde toestand. n Toestand waarin God nie te vinde is nie en een waaruit sy volk (OAK) sal moet trek. Maar voordat daar getrek kan word, sal die kop van die slang eers vermorsel moet word en die dodelike stert van die draak (Openbaring 12) buite aksie gestel word.

JA-NEE. JA, dit is tyd om te trek. NEE, ons sal moet trek. Trek na n plek wat die Here welbehaag en waar Sy volk met vertroue kan verwag om deur Hom geseen te word. EINDE

(Skrywer is lid van die OAK en ook sekretaris van The FORUM)

Bellville

20111101